



MIK VIR
DIE TEIKEN
EN GOOI RAAK

INDEX

- Tien dinge wat jy oor die begroting moet weet
- Die omskakeling van 'n beslote korporasie na 'n maatskappy
- Lenings aan maatskappye en trusts: 'n Praktiese kykie na artikel 7C
- Is u trustakte werklik op datum?
- Vervangingswaarde vs. markwaarde vs. munisipale waarde
- Executrain – maak opleiding opwindend

Tien dinge wat jy oor die begroting moet weet

Hoe die regering R36 miljard in inkomste gaan insamel:

Besteding gaan meer kos

Die regering het besluit om die BTW-koers van 14% tot 15% te verhoog, wat 'n bykomende R22.9 miljard sal inbring om te help om die koste van gratis hoër onderwys te dek en skuld te delg. Dit is nie van toepassing op 19 basiese voedsel-items nie, insluitend droë bone, samp, meliemeel, rys en bruinbrood. Let egter daarop dat die Tesourie nie lae-GI-brood en rogbrood as noodsaaklike voedsel-items beskou nie en dat BTW nou hierop gehef sal word.

Suikerbelasting gaan in werking tree en al is die besonderhede nog nie bekend nie, sal dit na verwagting 'n bykomende R1.9 miljard inbring as 'n "gesondheidsheffing". Invoerkoste op luukse items verhoog van 7% tot 9% (dit sluit grimering, elektronika, slimfone en gholfballe in) en invoerkoste op motorvoertuie verhoog van 25% tot 30%. Daar is ook verhogings op plastieksakke, sekere gloeilampe en die gewone sondebelasting wat tussen 6% en 10% styg.

Al hierdie verhogings is bo en behalwe die BTW-verhoging, so jy kan verwag dat jou begroting die druk sal voel. Al hierdie verhogings is effektief vanaf 1 April 2018.

Moenie mislei word deur 'geen verhoging in persoonlike belasting nie'

Ná verlede jaar se verhoging tot 45% in die top-belastingklas en 'n persentasie-styging in belastingkoerse in 2016, is geen bykomende persoonlike belastingverhogings aangekondig nie. Die vier top-belastingklasse ontvang egter geen verligting van fiskale vertraging nie – met ander woorde die belastingtabelle sal nie aangepas word vir inflasie nie, terwyl laer belastingklasse slegs gedeeltelike verligting sal ontvang.

Dit sal inkomstebelastingbetalers effektiewelik 'n bykomende R6.8 miljard kos, wat die totale bedrag ingesamel in inkomstebelasting tot bykans R506 miljard sal bring. 'n Persoon wat R550 000 per jaar verdien en wat 'n inflasieverwante salarisverhoging van 6% kry, sal 'n bykomende R8577 in belasting betaal.

Dit raak duurder om jou motor vol te maak

Die styging in die brandstofheffing en die heffing vir die Padongelukkefonds is beduidend en styg onderskeidelik met 22c/l en 30c/l. Die styging in die brandstofheffing sal R1.22 miljard aan inkomste bydra. Dit beteken 'n 50-liter-tenk petrol sal jou R26 meer kos en in totaal betaal jy R168 meer belasting elke keer dat jy volmaak, met R96,50 aan die Padongelukkefonds.

Boedelbelasting en welvaartbelasting

Gegewe beduidende stygings in kapitaalwinsbelasting en dividendweerhoudingsbelasting die afgelope paar

jaar, is geen bykomende verhogings op beleggingsbelasting aangekondig nie. Boedelbelasting op boedels van meer as R30 miljoen sal egter verhoog van 20% tot 25%. Om te voorkom dat skenkings trapsgewys gerangskik word om die hoër boedelbelastingkoers te vermy, sal skenkings van meer as R30 miljoen in een belastingjaar ook teen 25% belas word. Dit sal na verwagting R150 miljoen in bykomende belasting inbring.

Belastingkrediet vir mediese fondse word verlaag

Hoewel belastingkrediet vir mediese fondse nie geskrap is nie, word voorsiening minder as inflasie-aanpassings. Oor die volgende drie jaar sal laer as inflasie-verwante stygings in mediese belastingkrediet die regering help om die implementering van nasionale mediese versekering te finansier. Mediese belastingkrediet verhoog van R303 tot R310 (2%) vir die eerste twee begunstigdes, en van R204 tot R209 (2.5%) vir die oorblywende begunstigdes.

Waarop sal die regering bestee:

Gratis hoër onderwys en opleiding

Vanjaar sal R34.9 miljard aan universiteite en R22.8 miljard aan die Nasionale Studente- Finansiële Hulpskema oorgedra word. Soos aangekondig in die Staatsrede, sal nuwe eerstejaar-studente met 'n gesinsinkomste van minder as R350 000 per jaar se volle studiegeld aan universiteite en TVET-kolleges in die 2018-akademiese jaar befonds word. Dit sal in daaropvolgende jare uitgerol word totdat alle studiejare gedek word. Bestaande NSFAS-studente op universiteit se lenings sal vanaf 2018 in beurse omskep word.

Oor die volgende drie jaar sal R57 miljard aan hoër onderwys en opleiding bestee word. Dit is die bestedingskategorie wat teen 13.7% per jaar die vinnigste groei toon. Aangesien die belastinginkomste nie genoegsaam is om hierdie uitgawe te dek nie, kan ander areas 'n verlaging in regeringsbesteding verwag.

Styging in maatskaplike toelae

Ten einde die styging in BTW teen te werk, is 'n hoër as gemiddelde styging in maatskaplike toelae aangekondig. Ouderdoms-, gestremdheid- en sorgafhanklike toelae styg met R90 tot R1690 op 1 April en met 'n verdere R10 tot R1700 op 1 Oktober. Kindersorgtoelae styg van R380 tot R400 en dan tot R410 in April en Oktober onderskeidelik. Vanjaar sal 'n totaal van R259 miljard aan maatskaplike ontwikkeling bestee word.

Nasionale mediese versekering kry meer

Oor die volgende drie jaar sal 'n bykomende R4.2 miljard beskikbaar gestel word vir die implementering van nasionale mediese versekering, befonds deur wysigings aan die belastingsubsidie vir mediese uitgawes.

Hulp aan klein besighede

Oor die volgende drie jaar sal R2.1 miljard geallokeer word tot 'n fonds vir klein besighede wat ontwikkel sal word tussen die departemente van kleinsakeondernemings, wetenskap en tegnologie en die tesourie tot voordeel van klein en medium-ondernemings in 'n beginfase.

Te veel gaan steeds aan skuld

Skuld sal die regering vanjaar R180 miljard kos en sal na verwagting volgende jaar styg tot R197 miljard.

Dit verteenwoordig meer as 10% van die regering se totale uitgawes en is amper gelyk aan hoeveel ons aan gesondheidsorg bestee. Regeringskuld vir 2018/19 sal R2.7 triljoen bereik, gelykstaande aan 55% van ons jaarlikse BBP.

Bron: <http://mayaonmoney.co.za/2018/02/10-things-need-know-budget/>

[Prepared by CORE Financial Solutions.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]

Die omskakeling van 'n beslote korporasie na 'n maatskappy

Sedert 1 Mei 2011 is dit nie meer moontlik om 'n nuwe beslote korporasie in Suid-Afrika te registreer nie. Jy mag egter steeds handel dryf onder 'n beslote korporasie wat bestaan het voor 1 Mei 2011.

Talle kliënte verkies om 'n beslote korporasie te besit omdat 'n beslote korporasie die voordele bied van inkorporering, laer kostes en eenvoudiger administrasie. Ingevolge die nuwe Maatskappyyewet van 2008 kan al die voordele wat 'n beslote korporasie ingehou het, nou ook verkry word deur 'n privaatmaatskappy, insluitend:

- geen plig om geoudit te word of om geouditeerde finansiële state voor te lê nie;
- dieselfde jaarlikse omsetfooie;
- geen plig tot 'n jaarvergadering nie.

Indien die lede van 'n beslote korporasie besluit om hul BK na 'n privaatmaatskappy om te skakel, word die volgende prosedure gevolg:

- Aansoek om 'n beslote korporasie om te skakel deur middel van vorm COR18.1;
- 'n Geskrewe onderneming wat die omskakeling goedkeur en wat geteken is deur lede wat gesamentlik minstens 75% van die ledebelang besit;
- 'n Verklaring en toestemming onderteken deur die lede;
- 'n Verklaring deur die huidige rekenmeester/ouditeur;
- Mandaat;
- Vorm COR39, wat aandui wie die aanvanklike direkteure van die maatskappy is;
- 'n Memorandum van inkorporering (MOI) deur die indiening van 'n COR15.1A, COR15.1B of 'n aangepaste MOI vir die maatskappy.

Bykomende dokumentasie wat saam met die aansoek ingedien moet word, indien nodig:

- COR25 – verandering van jaareinde;
- COR44 – verandering in ouditeure of maatskappysekretaris;
- COR21.1 – adresverandering;
- COR9.1 – naamreservering indien die naam van die omgeskakelde beslote korporasie sou verander.

Die bogenoemde aansoek word dan by CIPC ingedien. 'n Antwoord op die aansoek om omskakeling kan binne 20 werksdae verwag word.

Wat gebeur met my maatskappydokumentasie ná die omskakeling?

- Die CK1-vorm (registrasiesertifikaat) word vervang met 'n COR18.3;
- Die entiteit ontvang 'n COR14.1 en COR14.1A, die aanstellingsvorme van die nuutaangestelde direkteure van die maatskappy;

- MOI (Memorandum van inkorporering) – die reëls van die nuwe maatskappy, deur middel van enige van die volgende:
 - 'n standaardvorm verteenwoordig deur 'n COR15.1A
 - 'n lang vorm, verteenwoordig deur 'n COR15.1B
 - 'n aangepaste MOI, indien verkies
- Aandeesertifikate uitgereik aan die aandeelhouers van die maatskappy.

[Voorberei deur CORE Co Services (Pty) Ltd
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]



Lenings aan maatskappye en trusts: 'n Praktiese kykie na artikel 7C

Talle van ons, veral diegene met 'n beduidende aantal bates en wat 'n mate van beskerming soek, het trusts geskep om ons boedels te bevoordeel en te administreer op so 'n wyse dat risiko beperk word en om, as gevolg van gemenerereg en wetgewing, voordeel te trek uit die belastingvoordele wat dit bied.

In die verlede het die meeste skenkers verkies om eiendom aan hul trusts te verkoop vir belastingbeplanningsdoeleindes. Tot voor die onlangse wysigings was die skenking van eiendom baie minder voordelig aangesien belastingwetgewing slegs voorsiening gemaak het vir 'n R100 000-kwytskelding van skenkingsbelasting wanneer 'n persoon 'n bate aan 'n trust skenk en ook is die skenking belas teen 20% van die waarde van die skenking.

'n Ander opsie is dat die persoon die bate per lening aan 'n trust kan verkoop. Gevolglik sal die trust 'n lening ten gunste van die verkoper aanteken en die lening sal nie onderworpe wees aan rente nie of ten beste aan 'n rentekoers laer as markverwant.

Artikel 7C is in die wetgewing ingeskryf spesifiek om hierdie soort vermydingstegnieke te beperk en maak voorsiening vir die heffing van skenkingsbelasting teen 'n koers van 20% in die mate dat lenings deur natuurlike persone of maatskappye aan 'n trust nie onderworpe is aan die Inkomstediens se amptelike rentekoers nie.

Sedert die bekendstelling van die teenvermydingsmaatreëls van artikel 7C het belastingbetalers maniere ontdek om die jaarlikse skenking verskuldig ingevolge die teenvermydingsmaatreël te vermy, hoofsaaklik deur middel van twee tegnieke:

- Rentevrye lenings, voorskotte of krediet en lae-rente lenings, voorskotte of krediet gemaak aan maatskappye wat deur trusts besit word;
- Oordrag van leningseise aan huidige of toekomstige begunstigdes van trusts.

Ten einde die bovermelde vermydings te beperk, is die wetgewing gewysig vir rentevrye of lae-rente lenings, voorskotte of krediet wat deur 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy (verbonde aan die trust in die plek van 'n natuurlike persoon) aan bepaalde maatskappye gemaak word om ook onder die teenvermydingsmaatreëls te val.

Maatskappye wat geraak word deur hierdie verandering is maatskappye waar minstens 20% van die ekwiteitsaandele direk of indirek gehou word of indien die stemreg in daardie maatskappy uitgeoefen kan word deur die trust of deur 'n begunstigde van daardie trust.

Die tweede vermydingstegniek behels belastingbetalers wat 'n ooreenkoms aangaan ingevolge waarvan die leningseis van die natuurlike persoon wat die lening, voorskot of krediet aan die trust gemaak het,

aan 'n ander persoon oorgedra word. Die natuurlike persoon aan wie die leningseis oorgedra word, is gewoonlik 'n huidige of toekomstige begunstigde van die trust waaraan die lening, voorskot of krediet gemaak is, byvoorbeeld 'n kind of eggenoot. Deur gevolglik die leningseis oor te dra, argumenteer belastingbetalers dat dit die skakel breek tussen die natuurlike persoon wat die lening gemaak het, en die lening. As gevolg hiervan word die natuurlike persoon aan wie die leningseis oorgedra word nie beskou as verantwoordelik vir die verskuldige voortgesette en jaarlikse skenking nie aangesien daardie natuurlike persoon nie die lening aan die trust gemaak het nie.

Ten einde hierdie tegniek te voorkom, is nog 'n teenvermydingsmaatreël in die wetgewing ingeskryf. Waar 'n persoon wat verbonde is aan 'n trust 'n leningseis bekom vir 'n bedrag wat deur die trust geskuld word ingevolge 'n lening, voorskot of krediet wat oorspronklik gemaak is deur 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy (verbonde aan die trust in die plek van 'n natuurlike persoon), sal die persoon wat die eis bekom, beskou word as dat hy of sy die bedrag van die eis as 'n lening gemaak het op die datum waarop die persoon die eis bekom het.

Wanneer is artikel 7C op maatskappye van toepassing?

Daar is bepaalde voor-die-hand-liggende scenario's waar artikel 7C van toepassing sal wees, byvoorbeeld waar mnr. X 75% van die aandele in maatskappy Y besit en 'n rentevrye lening maak aan maatskappy Y.

Dan is daar ook die scenario's waar die struktuur 'n bietjie meer ingewikkeld is, byvoorbeeld waar mnr. X 100% van die aandele in maatskappy Z besit. Maatskappy Y hou 100% van die aandele in maatskappy Z. Trust XYZ besit 22% van die aandele in maatskappy Y en mnr. X is die enigste begunstigde van die trust. Waar 'n lening in hierdie geval gemaak word, is dit ook onderworpe aan artikel 7C.

Watter moontlike alternatiewe/oplossings is daar vir die vermyding van artikel 7C?

Waar lenings gemaak word deur 'n natuurlike persoon aan 'n maatskappy, mag dit dalk voordelig wees om die lening om te skakel in aandelekapitaal. Sorg moet egter aan die dag gelê word om te verseker dat die waarde van die aandelekapitaal uiteindelik dieselfde is as die waarde van die lening ten einde te verhoed dat artikel 19 van die Inkomstebelastingwet of paragraaf 12 A van die Agtste Bylaag in werking tree. Daar moet dus toegesien word dat die omskakeling teen markwaarde gedoen word.

Die nadeel van hierdie alternatief is dat dit die lening weer in die hande van die natuurlike persoon plaas vir boedelverpligtinge en die groei van hierdie aandele vind dan ook weer plaas in die hande van die natuurlike persoon.

Waar die lening aan 'n trust gemaak is, blyk dit dat die mees effektiewe manier om met hierdie lenings oor die langtermyn te handel, sal wees om die eiendom aan die trust te skenk. Dit het egter 'n ernstige kontantvloei-effek en is in die verlede vermy weens die koste.

Belastingwetgewing maak slegs voorsiening vir 'n R100 000-kwytskelding op skenkingsbelasting wanneer 'n persoon 'n bate aan 'n trust skenk en ook word die skenking belas teen 20% van die waarde van die skenking.

Sê egter jy maak 'n skenking ter waarde van R9 000 000, dan beloop die skenkingsbelasting daarop R1 800 000 bereken teen 20%. In dieselfde scenario, indien die verkoopprijs van die bate R9 000 000 is en dit gedoen word aan die hand van 'n rentevrye lening, word die artikel 7C-verpligte skenking bereken as R9 000 000 maal die amptelike rentekoers (tans 7.75%) en beloop die verpligte skenking jaarliks R697 500. Die skenkingsbelasting op hierdie bedrag beteken 'n jaarlikse kontantvloei van R139 500 vir skenkingsbelasting. Indien daar op hierdie manier na die scenario gekyk word, sal dit 12.9 jaar neem voordat dieselfde skenkingsbelasting betaal is op die verpligte rente eerder as op die skenking van die bate.

Ten spyte van die ongewenste kontantvloei-impak, blyk dit dat die enigste manier om oor die lang termyn koste-effektief te wees sal wees om die bates te skenk.

Artikel 7C bring beslis heelwat uitdagings en slegs tyd sal leer in watter rigting ons sal beweeg.

 Voorberei deur CORE Tax
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188 



Is u trustakte werklik op datum?

Daar word baie geskryf oor trustaktes en meer spesifiek oor bepalings in trustaktes wat probleme kan veroorsaak. Dit sluit gevalle in waar aan een van die trustees te veel mag in terme van die trustakte gegee word en wat dan daartoe lei dat daardie persoon in wese die raad van trustees beheer. Hierdie artikel fokus op die positiewe – dit fokus op sommige bepalings wat in ’n trustakte behoort te wees om die lewe vir die trustees te vergemaklik.

Wanneer ’n familietrust aanvanklik opgestel word, is die boedelbeplanner in baie gevalle nog jonk en die kinders klein. Die begunstigdes van die trust, ouers en kinders, het almal dieselfde behoeftes, naamlik die behoefte aan versorging. Dit is dus vir die trustees maklik om hierdie behoeftes te bestuur.

Twintig jaar later is daar moontlik al drie plase in hierdie trust en is die drie seuns moontlik al saam met Pa betrokke by die boerdery. Die gedagte is dat elke seun ’n plaas moet “erf”, maar nou behoort die plase aan ’n diskresionêre familietrust en nie aan Pa, wat die plase aan die seuns kan bemaak nie. Al drie plase behoort aan die raad van trustees, in hul ampshoedanigheid, wat dit tot voordeel van die groep van begunstigdes moet administreer. Spanning kan nou oplaai omdat die seuns elkeen hul eie gesinnetjie het waarvoor gesorg moet word, maar hulle het geen waarborg dat die trustees steeds vir hul gesin ook sal sorg indien hulle nie meer daar sou wees om hul belange te beskerm nie.

’n Oplossing hiervoor kan wees om die trustakte so te struktureer dat daar pleks van een groep begunstigdes meerdere groepe van begunstigdes beskryf word – in hierdie geval drie groepe, waar die ouers en elkeen van die seuns en sy afstammeling die begunstigdes van die onderskeie groepe is. Daar word dan verder bepaal dat die groepe van begunstigdes te alle tye verteenwoordiging sal hê op die raad van trustees en ook dat die trustees spesifieke bates van die trust mag identifiseer wat tot voordeel van spesifieke groepe van begunstigdes administreer word. Daar kan selfs sover gegaan word om te bepaal dat, wanneer die trustees hul diskresie uitoefen om inkomste of kapitaal uit die trust toe te deel, dit altyd in ’n sekere verhouding tussen die groepe van begunstigdes moet plaasvind.

’n Volgende nuttige bepaling om in ’n trustakte te hê, is ’n spesifieke magtiging aan die oorblywende trustees om die nodige vorms te mag onderteken ten einde ’n doodseis op ’n polis in te stel in ’n geval waar een van die trustees, wat die versekerde lewe was in terme van ’n lewenspolis, te sterwe kom.

Polisse waarvan ’n trust die eienaar is, dien dikwels as versorging vir die oorledene se afhanklikes. Indien die trustmagtigingsbrief eers verander moet word om die oorledene as trustee te verwyder en iemand anders aan te stel, kan daar onnodig baie tyd verloop voordat die doodsvoordeel opgeëis kan word.

’n Bepaling wat hiermee saamloop, is waar iemand graag wil hê dat hulle pensioen- of annuïteitsvoordele aan die familietrust moet uitbetaal sodat die trustees sy of haar afhanklikes daarmee kan versorg.

Daar ontstaan egter 'n probleem in terme van artikel 37C van die Pensioenwet. In terme van gemelde artikel moet die trustees van die pensioenfonds vasstel wie die afhanklikes van die oorledene is en dan op 'n regverdige verdeling besluit. Dit het tot gevolg dat die voordeel nie aan 'n trust oorbetaal sal mag word nie omdat die trustees van die trust ook ander persone met die voordele sal kan bevoordeel. Die oplossing hiervoor is om 'n spesifieke bepaling in die trustakte in te bou wat aan die trustees van die trust die bevoegdheid gee om die voordele uit die pensioen- of annuïteitsfonds spesifiek tot voordeel van die afhanklikes aan te wend en om afsonderlik daarvan rekening te hou ten einde aan die bepalings van artikel 37C van die Pensioenwet te voldoen.

Maak gerus seker u trustaktes is in orde.

**[Voorberei deur CORE Trusts & Estates
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



Vervangingswaarde vs. markwaarde vs. munisipale waarde

In die veld van eiendomswaardasies verstaan mense dikwels nie die verskil tussen vervangingswaarde, markwaarde en munisipale waarde nie. Hierdie artikel illustreer die verskille deur middel van praktiese voorbeelde:

Vervangingswaarde verwys na die bedrag wat 'n persoon sal betaal om 'n bate op 'n bepaalde tyd en teen die huidige waarde te vervang deur dieselfde standaard van afwerkings te gebruik. Hierdie waarde is relevant in die versekering van jou eiendom of bates in geval van skade.

Praktiese voorbeeld: Mense verseker dikwels hul eiendom teen markwaarde of, nog erger, teen 'n lae munisipale waardasie. Dit kan ramspoedig wees in die geval van 'n versekeringseis. Indien jy jou huis teen 'n markwaarde van R800 000 verseker en die vervangingswaarde is in werklikheid R1 400 000, is jy onderverseker teen omtrent 42.5%. Dit beteken ook dat indien jou eis R100 000 op jou huis is en jou versekeringsmaatskappy vind dat jy onderverseker is, hulle net R57 500 sal uitbetaal pleks van die werklike verlies van R100 000. Dit is daarom noodsaaklik dat jy verseker is teen die korrekte vervangingswaarde.

Markwaarde is die geskatte bedrag waarvoor 'n bate van eienaar sal verwissel op die datum van waardasie tussen 'n gewillige koper en 'n gewillige verkoper nadat dit behoorlik bemark is.

Praktiese voorbeelde: Wanneer jy 'n eiendom koop of verkoop, moet jy kyk na die markwaarde van die eiendom. Dit is die waarde van die eiendom in die huidige mark. Indien jy jou eiendom teen 'n te hoë waarde in die mark plaas, gaan dit vir lank in die mark wees. Aan die ander kant, indien jy jou eiendom teen 'n laer waarde verkoop, loop jy die risiko van finansiële verlies. Verkry eerder 'n professionele waardasie en maak seker van die korrekte eiendomswaarde.

Dit is 'n goeie idee selfs al maak jy gebruik van 'n eiendomsagent aangesien die professionele verslag jou meer bedingingsmag gee met die agent en die potensiële koper. Eiendomsagente is daar om vir jou die regte huis te kry, maar 'n waardasie deur 'n onafhanklike derde party sal jou help om die regte prys te kry. 'n Onlangse voorbeeld is van 'n waardasie vir 'n kliënt wat na Australië emigreer het. Die kliënt was bereid om die eiendom teen 'n munisipale waardasie van R1 720 000 te verkoop. CORE Valuations het die eiendom egter teen R2 450 000 waardeer. Ná onderhandelinge het die potensiële koper ooreengekom op 'n verkoopprijs van R1 900 000. Dit beteken die kliënt het R180 000 meer ontvang deur bloot 'n paar duisend rand aan 'n professionele waardasie te bestee. Maak seker jy verkoop teen markwaarde!

Mense moet ook versigtig wees wanneer hulle verbeteringe aanbring aan eiendomme in spesifieke areas van 'n dorp. Kom ons sê jy het 'n eiendom met 'n markwaarde van R500 000. Sonder om egter eers die markwaarde vas te stel, bring jy verbeteringe ter waarde van R300 000 aan. Jy mag dalk nou onder die indruk

wees dat die eiendom 'n waarde van ongeveer R800 000 tot R900 000 het. Marknavorsing wys egter dat die hoogste eiendom in jou omgewing vir slegs R600 000 verkoop is. Dit beteken onmiddellik 'n oorkapitalisering van R200 000. Maak seker van die markwaarde van jou eiendom!

Munisipale waarde is die waarde soos bepaal deur die plaaslike owerheid deur middel van 'n periodieke opname van die grond en alle verbeteringe in hul jurisdiksie. Hierdie opname word uitgevoer deur 'n munisipale waardeerder wat deur die plaaslike owerheid aangestel word. Hierdie waardeerder bepaal die waarde deur gebruik te maak van 'n massa-waardasiestelsel. Sulke waardasies help die plaaslike owerheid om munisipale belasting op eiendom te hef.

Praktiese voorbeeld: Mense moet gereeld kyk na die nuutste munisipale waardasies. Indien jou eiendom te hoog gewaardeer is, sal jy hoër eiendomsbelasting betaal. Hoewel tariewe van munisipaliteit tot munisipaliteit en van eiendom tot eiendom verskil, kan dit in sommige areas byvoorbeeld 'n bykomende R24 per jaar beteken vir elke R1 000 waarvoor die eiendom te hoog waardeer is. In die nuutste waardasierol vir Johannesburg het sommige eiendomme se waarde vervierdubbel! Indien ons dieselfde tarief as hierbo toepas, sal eiendomsbelasting op 'n eiendom wat van R5 000 000 tot R20 000 000 verhoog het, verhoog van R118 960 per jaar tot R475 840.

In die kwesbare mark van vandag is dit die moeite werd om 'n paar duisend rand aan 'n professionele waardasie te bestee ten einde seker te maak jy verloor nie 'n paar honderdduisend rand nie!

 Voorberei deur CORE Valuations
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188 



Executrain – maak opleiding opwindend

Dit is nie dikwels dat jy die woorde “pret” en “leer” in dieselfde sin hoor nie. CORE Executrain is ontwikkel om hierdie gaping te oorbrug. As leiers in die professionele opleidingsbedryf, verstaan CORE Executrain ons kliënte se dilemma wanneer hulle die frase “Voortgesette Professionele Ontwikkeling” hoor. Heel dikwels beteken dit ’n klomp tydrowende en vervelige werk voordat jy die vrugte kan pluk. Terwyl die idee van selfontwikkeling opwindend is, is die proses dikwels effens vervelig en blus dit soms enige vorm van motivering. By CORE Executrain weet ons dat pret die sleutel tot die sukses van enige leerproses is.

Dit is ’n bekende feit dat pret ’n positiewe uitwerking op motivering het. Motivering beïnvloed nie net wat ons leer en hoe vinnig ons leer nie, maar ook hoeveel ons onthou van wat ons probeer om te bemeester. By CORE Executrain lê ons sukses in ons seminare. Die groot sukses van ons regstreekse seminare kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vlak van deelname wat ons aanbieders met die gehoor bewerkstellig. Deur scenario’s te gebruik wat voorgestel word deur individue wat die seminare bywoon, kan die aanbieders toepaslike gevallestudies skep om die uitwerking van wysigingswetsontwerpe, asook die implementering van nuwe wetgewing van toepassing te maak op die seminaar se onderwerp. Dit maak elke seminaar anders, pret en opvoedkundig!

Hoewel ons Kapitaalwinsbelasting-seminaar (KWB) hoofsaaklik fokus op die impak van KWB op die verkoop en aankaf van bates (insluitend beleggingsbesluite), sluit dit ook ’n kort oorsig in van die KWB-reëls. Dit maak die seminaar maklik om te verstaan vir enige persoon betrokke by KWB-transaksies – nie net belastingpraktisyns en prokureurs nie.

Ons Trust en Boedel-seminare is weer hoofsaaklik gefokus op professionele persone soos boedelbeplanners, makelaars, ouditeurs en prokureurs, maar is só ontwikkel dat dit ook van waarde is vir enige persoon betrokke by boedel- en belastingbeplanning. Die seminaar konsentreer ook op praktiese boedelbeplanning, wat dit insiggewend maak vir enige persoon wat dit graag wil bywoon.

Winston Churchill het gesê: “Ek is altyd gereed om te leer, maar ek hou nie altyd daarvan om geleer te word nie.” By CORE Executrain glo ons as jy die tyd neem om elke leerervaring ’n boeiende en prettige een te maak, sal jy jou kliënte aanmoedig in hul soeke na kennis en sodoende ’n sterker professionele nalatenskap bou.

**[Voorberei deur CORE Executrain
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



the future - **now**

the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za